



▲ In hierdie les leer jy om die potpourrisakke te klos; die fraai kantsakdoekie op die foto se aanwysings volg in les 7.

A LLE navrae met betrekking tot kloskant kan gerig word aan: mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horisonpark, Roodepoort, 1724 (tel. (011) 763-3175) of mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort, 1724 (tel. (011) 760-1429). Dié vroue het die reeks lesse vir *ROOI ROSE* saamgestel en bied ook lesse in die maak van kloskant aan.

KLOSKANTTERME

Kruis (cross) – linkerklossie oor regterklossie

Draai (twist) – regterklossie oor linkerklossie

Linnesteek (whole stitch) – kruis; draai; kruis

Dubbele halwe steek (whole stitch; twist) – kruis; draai; kruis; draai

Halwe steek (half stitch) – kruis; draai

Torchon – 1e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai

Torchon – 2e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai; DRAAI

LES 6

DEEL 1: Potpourrisakke (boksant) (foto 1-4)

BENODIGDHEDE: DMC- of Zwicky-

BEKOOORLIKE KLOSKANT (6)

In die voorlaaste van ons gewilde reeks lesse oor die maak van kloskant, 'n eeue-oue kuns wat nou weer herontdek is, kan jy leer hoe om 'n potpourrisakke te klos.

katoengare no. 60; 15 pare klossies: 8 pare met 2 m gare (1 m per klossie), 1 weefpaar met 5 m gekleurde gare (2,5 m per klossie), 6 pare met 1,5 m gare (75 cm per klossie)

Steke: 2e grondsteek (kruis; draai; speld; kruis; draai; draai) Linnesteek (kruis; draai; kruis)

Selfkantsteek (kruis; draai; kruis; draai)

Stap 1

Steek opstelkopspelde op die diagonale lyn W tot Z van patrone 1. Hang 2 pare met 2 m gare op om punt A. Hang 1 paar met 2 m gare op om elk van punte B, C, D, E, G, en H. Hang 'n weefpaar met 5 m gekleurde gare om punt F. Hang 1 paar met 1,5 m gare om punt N.

Selfkant – die gewone volgorde van die klos van die selfkant is om met die 3e paar van links af te begin. Werk altyd eers na links die selfkantsteek en dan na regs die grondsteek.

Stap 2

Begin om 'n selfkant te klos by punt A. Begin met die 3e paar van links af – punt B. Met die paar van B werk deur die 2 pare van punt A in dubbele halwe steek. Laat die weefpaar heel links op die kussing lê. Steek die kopspeld tussen die ander 2 pare op punt 1 in. Sluit die kopspeld met dieselfde 2 pare – kruis; draai; kruis; draai.

Stap 3 (Grondsteek)

Werk punt 2 met die paar van punt C en
NA BLADSY 98




Foto 1




Foto 2




Foto 3




Foto 4

VAN BLADSY 97

die regterkantste paar van punt 1. Haal opstelkopspele op punt A, B en C uit. Trek die spanning van die drade reg. Punt 3 – met die 3e paar van links werk dubbele halwe steek deur die 2 pare aan die linkerkant. Steek kopspele 3 regs van die 1e 2 pare in. Laat lê die linkerkantste paar op die kussing. Met die 2e en die 3e paar van links af maak kopspele 3 toe met die dubbele halwe steek. Werk punt 4 en 5 in grondsteek. Trek opstelkopspele D uit en trek die spanning reg. Werk punt 6 in selfkantsteek. Werk punte 7, 8 en 9 in grondsteek. Trek kopspele E uit. Werk punt 10 in selfkantsteek.

Stap 4 (linnesteekehartjie)

Werk linnesteek van punt 11 tot 13. Trek opstelkopspele F en G uit en trek die drade se spanning reg. Klos linnesteek tot by punt 20. Trek kopspele H, I en J uit en trek die drade styf. Werk verder in linnesteek tot by punt 27. Trek

kopspele K, L, M en N uit en trek die drade se spanning reg.

Pare moet 2 keer gedraai wees voordat ingeneem en nadat uitgegooi is. Neem pare in voerpunte 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 20, 22, 24 en 26. Gooi 1 paar uit op punte 17, 19, 21, 23 en 25. Let wel: 'n paar word nie op punt 27 uitgegooi nie.

Stap 5

Werk nou punte 28, 30, 33, 37 en 42 in selfkantsteek en van punte 29 tot 41 in grondsteek. Werk die grondsteek diagonaal van regs bo tot links onder.

Stap 6 (tweede helfte van hartjie)

Werk linnesteek van punt 27 tot 43. Neem pare in op punte 44, 46, 48, 50 en 52. Gooi pare uit op punte 26, 43, 45, 47, 49, 51, 52, 53, 54, 55, 56 en 57. Werk punt 57 soos volg: Klos die halwe steek, speld, halwe steek. Die weefpaar moet aan die regterkant wees indien die volgende hartjie ook gekleur moet

wees. Werk punte 58 tot 67 in selfkant- en grondsteek.

Stap 7 (hoek)

Kopspele 67 is reeds ingesteek. Die linkerkantste paar is 2 keer gedraai en lê op die kussing. Met die 2e paar van regs af werk in dubbele halwe steek deur die volgende paar. Werk ook deur die paar van punt 66 in dubbele halwe steek. Gee die weefpaar 'n ekstra draai en steek die kopspele in op punt 68. Met hierdie weefpaar werk in dubbele halwe steek deur 3 pare terug na punt 69. Steek die kopspele in tussen die 2e en 3e pare van links af. Sluit die kopspele met dieselfde 2 pare in dubbele halwe steek.

Draai die kussing sodat die 2e kwart van die vierkant voor jou is.

Stap 8

Voltooi punt 70. Die pare wat van die hartjie kom, moet 2 keer gedraai wees. Klos die 2e kwart net soos die 1e kwart. Hou aan om die kussing te draai totdat die kant presies pas op die beginpunt.

Stap 9

Druk die kopspele heeltemal in die kussing en gooi die deklap bo-oor sodat daar daarop gewerk kan word. Al die pare aan die einde van die 4e kwart moet 2 keer gedraai wees.

Stap 10 (afhegting)

Haal die 1e kopspele aan die begin van die selfkant uit. Haak die draad van 1 van die klossies deur die lus wat gevorm is deur die kopspele sodat dit 'n lus vorm. Steek die ander klossie van die paar heeltemal deur die lus. Trek die klossie styf en knoop die pare 2 keer. Heg ook die 1e paar aan die regterkant so af en knoop 2 keer. Heg nou die pare tussenin af. Knoop al die pare 2 keer. Sny die klossies af, haal die kopspele uit en werk die los drade weg.

DEEL 2: Potpourrisakkie (onderkant)

BENODIGDHEDE: dieselfde gare as vir deel 1. 23 pare klossies – 12 pare met 3 m gare (1,5 m per klossie), 10 pare met 2 m gare (1 m per klossie), 1 weefpaar met 6 m (3 m per klossie)

Patroon 2

Steke: 2e grondsteek (kruis; draai; speld; kruis; draai; draai) Spinnesteek (pote word 3 keer gedraai, lyf in linnesteek gewerk) Waaier – linnesteek met versiering aan die kroon (die weefpaar en die laaste paar op die rand word 1 keer gedraai voor die dubbele halwe steek gewerk word)


Stap 1

Steek opstelkopspele op die diagonale lyn W tot Z in. Hang 2 pare met 3 m gare om kopspele A. Hang 1 paar met 3 m gare om elk van kopspele B tot K. Hang 1 paar met 2 m gare om elk van kopspele L tot U. Hang die weefpaar ook om kopspele A.

Stap 2

Begin by die 1e waaier en werk soos op diagram 2 aangedui. Werk vanaf punt 1 tot 15. Die versiering aan die kroon van die waaier: Dubbele halwe steek met

BEKOORLIKE KLOSKANT (6)



Patroon 2





Diagram 1



Patroon 1

die laaste paar aan die kroonkant. Werk ook die dubbele halwe steek met die 1e paar van die waaier. Onthou om die opstelkopspelde uit te trek na elke ry wat geklos is; trek die drade se spanning reg. Werk grondsteek kopseld 16 met pare van punt 8 en F. Werk kopseld 17 in grondsteek met pare van punt 16 en G. Werk kopseld 18 in grondsteek met pare van punt 17 en H. Trek opstelkopspelde F, G en H uit.

Stap 3 (spinnestek)

Draai pare van punte 14, 12, 10 en 16, 17 en 18 3 keer. Daar is 6 pare voor jou – nommer van links na regs van 1 tot 6. Werk paar 3 in linnesteek deur pare 4, 5 en 6. Nommer pare weer van links na regs van 1 tot 6. Werk paar 2 in linnesteek deur pare 3, 4 en 5. Nommer die pare weer van voor af. Werk paar 1 in linnesteek deur pare 2, 3 en 4. Steek kopseld 19 in die middel van die 6 pare. Trek die drade goed styf om die kopseld. Nommer die pare weer van voor af. Werk paar 3 in linnesteek deur pare 4, 5 en 6. Nommer weer van voor af. Werk paar 2 in linnesteek deur pare 3, 4 en 5. Nommer weer van voor af. Werk paar 1 in linnesteek deur pare 2, 3 en 4. Draai al die pare 3 keer. Die linkerkantste 3 pare van die spinnestek word in die 2e waaier opgeneem. Die regterkantste 3 pare van die spinnestek word in die grondsteek op punte 21, 22 en 23 opgeneem.

Stap 4

Werk eers punt 20 met pare vanaf punt 1 en 18. Trek opstelkopspeld 1 uit. Begin weer regs bo by punt J en werk

grondsteek tot by die spinnestek. Werk ry K en L ook tot by die spinnestek. Haal opstelkopspelde uit en trek die drade se spanning reg. Werk die 2e waaier van punt 32 tot 45. Werk eers in grondsteek punt 46, 47 en 48. Werk nou die 2e spinnestek. Werk grondsteek vanaf punt M tot P. Haal opstelkopspelde uit. Werk waaier 3 en punte X, Y en Z in grondsteek. Werk spinnestek 3. Werk grondsteek vanaf punt Q tot U. Werk waaier 4 en X, Y en Z in grondsteek. Werk spinnestek 4. Werk waaier 5.

Stap 5 (hoek)

Die weefpaar word nie gedraai vir die versiering in die hoek tussen die 2 waaiers nie. Werk linnesteek deur 2 pare na punt W. Draai die weefpaar 2 keer en steek die kopseld in op punt W. Werk linnesteek deur 2 pare na punt 1, draai die weefpaar 1 keer, steek die kopseld in op punt 1. Draai die kussing sodat die 2e kwart voor jou lê.

Al die pare wat oorgaan na die volgende kwart moet 2 keer gedraai wees. Werk die 1e waaier van die volgende kwart soos in die 1e kwart. Hou aan om die kussing te draai na elke kwart tot die kant van die einde en die begin presies pas.

Stap 6 (afhegting)

Al die pare aan die einde van die 4e kwart moet 2 keer gedraai wees. Doen afhegting soos beskryf by deel 1. Stoompars die kant liggies. Maak 'n klein katoensakkie, vul met potpourri, lê bo-op die groot vierkant (deel 2) neer. Werk die klein vierkantjie (deel 1) bo-oor die sakkie potpourri vas.




Diagram 2

SOEK U WERK

Kursus 1 jaar of minder.
Om goeie werk te bekom,
kom vir opleiding na
ANCHOR KOLLEGE,
Andersonstraat 21,
Klerksdorp.

ONS BIED AAN: (Daaglikse inname)
Sekretariese kursus, Afronding &
Moderne Mikro Rekenaars. Blom-
merangskikking sowel as WANG
WOORDVERWERKER. Lotus 1-2-3
Multimate.
Beginners & Prak. Skoolopleiding
welkom.
Gereg. by Dept. van Onderwys en
Kultuur.
Skakel Mev. Cousins 28437
daaglik en na ure.
Losies beskikbaar.
Posbus 637, Klerksdorp 2570. AC6